# MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 18 SEPTEMBER 2024;
# MOOT SELGROEP, DONDERDAG, 26 MAART 2026

## OPENBARING 14-16

### Terugblik op Openbaring 12 en 13

In Openbaring 12 en 13 lees ons van die vrou (Israel) en die draak (Satan); hoe die Satan probeer om Israel te vernietig; en hoe God sy volk vir 42 maande beskerm. Die Satan is die eerste van die onheilige drie-eenheid (Satan, Antichris, en Vals Profeet) wat op die toneel verskyn. Hierna verskyn die dier uit die see (die Antichris) en daarna die dier uit die aarde (die Vals Profeet), wie onder beheer van die draak optree. Die Vals Profeet is die een wie aanbidding van die dier afdwing en ook die merk van die dier laat realiseer. Hierdie Vals Profeet is 'n godsdienstige, misleide kerkleier, waarskynlik 'n "woke" een, moontlik die Rooms Katolieke Kerk (die hoer van Openbaring 17) wie alreeds-misleides verder mislei deur 'n vals boodskap. Lees wat Paulus hieroor skryf in 2 Thessalonicense 2:1-12.

### Openbaring 14

Hierdie hoofstuk is 'n parentese en dit staan tussen die gebeure van hoofstukke 13 en 15. In hierdie hoofstuk verduidelik Johannes toekomstige gebeure deur drie visioene:

1. Die eerste visioen: **Die Lam op die berg en die 144 000**, in Openbaring 14:1-5

    a. Dit verwys na die wederkoms van Jesus Christus in Openbaring 19:11 ev.

    b. Die 144 000 evangeliste is

        i. **geïdentifiseer** (die Naam van die Vader is op hulle voorhoofde);
        ii. **verseël** (beskerm) vir die taak; en
        iii. **rein** (hulle sonde is vergewe).

    Dit is Jode wie geroep is om Israel te evangeliseer, nie die heidene nie. Nie almal van hulle gaan oorleef nie. Hulle is verseël vir die taak, maar dit vrywaar die evangeliste nie van die Antichris se vervolging nie. Dit beteken ook nie dat geen van die Jode wie tot bekering kom, gaan sterf nie. Verwys terug na hoofstuk 7:5-8.

2. Die tweede visioen: **Die engele wat God se oordeel aankondig**, in Openbaring 14:6-13

    a. Dit is interessant dat engele nou die evangelie verkondig, iets wat nog altyd net vir mense beskore was. Omdat die kerk nie meer op aarde is nie, is daar niemand wie die evangelie aan heidene kan verkondig nie. Die 144 000 verseëldes doen dit vir Israel. Die engel doen dit vir die hele wêreld wie die bewoners van die aarde is – ongelowiges gedurende die verdrukking.

    b. Daar is drie engele op die toneel:

        i. Die **eerste** engel verkondig die evangelie aan die ongereddes, vers 6 en 7;

   ii. Die **tweede** engel kondig die val van Babilon aan, sien vers 8; en Openbaring 17-19;

   iii. Die **derde** engel waarsku die mense oor wat met hulle gaan gebeur as hulle die Antichris volg en sy merk ontvang, soos ons in vers 9 tot 11 sien. Dit is duidelik dat die dood van die ongeredde nie 'n toestand is waar hy eenvoudig ophou bestaan nie. Vir diegene wie die merk aanvaar het is daar pyniging op aarde. Die hel is die foltering wat na die dood vir ongelowiges wag.

   Aan die ander kant moet Johannes skryf oor dit wat op diegene wag wie gedurende die verdrukking gered word. Sien vers 12 en 13.

3. Die derde visioen: **Die graan- en die wynoes**, Openbaring 14:14-20

   a. Ons moet verstaan dat Johannes dikwels visioene gekry het van gebeure wat nog moes plaasvind. Hy het nie alles in presiese chronologiese volgorde ervaar en neergeskryf nie. Die eerste deel is 'n visioen van Jesus Christus in die hemel. Dit verwys na hoofstuk 19 as Jesus Christus na die aarde terugkeer en die slag van Armagéddon plaasvind. Die kroon wat Jesus Christus dra is dié van 'n oorwinnaar. Die skerp sekel in sy hand is die oes van beide die gereddes en die ongelowiges. Op die lande sou daar nie net koring gewees het nie, maar ook onkruid. Beide word op dieselfde tyd geoes, maar daarna geskei. Sien Matthéüs 13:37-43. Goeie saad word gesaai, maar die duiwel saai ook. Let op Matthéüs se verduideliking: die oes is die voleinding van die wêreld. Die engele is die maaiers. Sien Openbaring 14:17 en 18.

   b. Nog drie engele verskyn op die toneel:

      i. Die **eerste** engel kondig die oes aan, 'n oordeel oor alle mense, soos ons sien in vers 15 en 16. Daar is egter iets belangrik hier wat ons nie mis moet kyk nie. In vers 16 is dit Jesus self wat die gereddes inoes. Die engele oes die ongelowiges. Sien Matthéüs 13:41-42;

      ii. Die **tweede** engel verskyn en hy het ook 'n skerp sekel; en

      iii. Die **derde** engel, vers 18, gee aan die tweede engel die opdrag om te oes. Dit is die oordele wat op die ongereddes wag gedurende die groot verdrukking. Die druiwe wat hier geoes word, is die ongelowiges.

   c. Wat is die parskuip? Dit is waar druiwe geoes is en deur mense getrap is sonder om die saad in die druiwe korrels te beskadig. Ons sien dat daar hier melding gemaak word van bloed wat tot aan die tooms van perde kom. Hoe weet ons dat dit Jesus is wat in die parskuip trap? Sien Jesaja 63:2-6. Lees dit baie mooi. Dit verwys na Armagéddon, in Openbaring 19. Jesus is ongelukkig oor ongelowiges wie sy boodskap van verlossing nie aanvaar het nie. Die "tweehonderd myl" verwys na die oordeel oor die hele Israel. Dit spat tot so hoog as die tooms van perde, en beteken nie dat dit so hoog vloei nie.

Ons moet ook onthou dat die aanval op Israel nie net in Armagéddon (die Jisreël vlakte) plaasvind nie. Israel word as ‘n land deur die vyand omsingel. Sien Psalm 83. Edom is die westelike deel van wat vandag Saudi Arabië is. die Ismaeliete is in dieselfde area. Moab is in Jordanië. Die Hagareners is ook in Jordanië. Gebal, Ammon, Ámalek, en Filistéa is binne Israel of suid van die land, en Tirus is in Lebanon. Assur is Irak en Sirië. Al hierdie lande is Moslem lande wie ten doel het om Israel te vernietig.

Van sy mees noordelike tot suidelike punt is Israel se grens ongeveer 180 myl lank. Johannes gee ‘n afgeronde afstand – 200 is makliker om te verstaan as 180. As ons weer kyk na hoe ‘n parskuip gewerk het, was die intensie nooit dat die druiwesap spat nie omdat dit klere gevlek het (Jesaja 63:2-6). Hier egter is die slag intens en Jesus gee nie om dat sy klere bevlek word nie. Hy moet die vyande van Israel oorwin, ongeag die koste.

Sien Sagaría 14:1-5. Dit verduidelik wat gebeur wanneer Jesus Christus terugkeer en vind in of by Jerusalem plaas. Sien ook Joël 3:2. Die dal van Jósafat is buite Jerusalem. Die nasies gaan dus nie net in Armageddon bymekaar kom nie, maar oral in Israel.

**Openbaring 15**

Johannes sien ‘n ander teken (visioen) in die hemel, van sewe engele wat die laaste sewe plae oor die aarde uitstort. Hierdie is die laaste plae wat God gebruik om die aarde te oordeel ten einde so veel as moontlik mense te bereik sodat hulle tot bekering sal kom. ‘n Plaag is ‘n wydverspreide natuurramp of gesondheidstoestand. Dink aan die Swart Dood (1346–1353) in Europa. Dit was 'n verwoestende pandemie wat deur die bakterie *Yersinia pestis* veroorsaak is en na skatting 25–50 miljoen mense gedood het — ongeveer 30% tot 60% van Europa se bevolking. Dit het hoofsaaklik versprei deur vlooie op knaagdiere langs handelsroetes en het buboniese, septisemiese, en pneumoniese infeksies veroorsaak. Peste tref mense sonder om onderskeid te tref wie die slagoffers is.

Daar is sewe plae en is die laaste plae wat die wêreld ooit sal tref. Dit lei daartoe dat God se grimmigheid voleindig is. Deur hierdie sewe plae word die uiteindelike doel bereik – die Wederkoms van Jesus Christus en sy regering gedurende die Millennium.

Let daarop dat hy dikwels noem dat hy ‘n “ander” teken gesien het, sodat dit duidelik is dat dit nie verwys na ‘n huidige of enige vorige teken nie. Let op die patroon van sewes wat in Openbaring voorkom: die sewe seëls in hoofstuk 6; die sewe basuine in hoofstuk 8; en nou die sewe plae in hoofstuk 16, maar alreeds in hoofstuk 15 aangekondig. Die herhaalde gebruik van die nommer sewe beklemtoon die soewereiniteit van God. Sewe is God se perfekte nommer. Ses is die nommer van die mens, en dit is altyd een kort van God se perfeksie.

In vers 2 sien Johannes “iets soos ‘n see van glas” (Openbaring 4:6), duidelik nie ‘n fisiese see nie, maar eerder “‘n see van mense”, met vuur gemeng. Hier spreek vuur van oordeel, oorlog, en wraak. Hy sien diegene wie gedurende die verdrukking tot bekering gekom het, nie die merk geneem nie, nie die beeld aanbid het nie, en gedood is. Hulle speel harpe en sing oor die grootheid van God.

In vers 3 sien ons dat hulle die lied van Moses sing. Sien Exodus 15:1 ev. asook Deuteronómium 32:44 vir voorbeelde van liedere wat Moses en die volk gesing het. Hoekom sing hulle nou die lied van Moses? Dit is omdat baie van die wie gesterf is, waarskynlik Jode was, en hulle intiem met die Ou Testament bekend was. Die lied van Moses gaan oor Israel se oorwinning oor die Egiptenaars. Sien Exodus 15. Nou word dit ‘n lied van oorwinning in die hemel.

Hierna sien Johannes ‘n ander toneel. Sewe engele kom uit die tempel in die hemel, nie die tempel in Jerusalem nie. Let daarop dat een van die vier lewende wesens van Openbaring 4:6 vir die engele die skale gee. Die 1953 Afrikaanse vertaling noem dit “skale” terwyl die Engelse vertalings meesal die woord “bowls” gebruik. Hierdie skale is sewe intense gebeurtenisse wat kort op mekaar volg.

Vers 8 is interessant. Sodra die sewe engele die tempel verlaat, vul die heerlikheid van God die tempel en kan niemand weer daarin gaan voordat die plae van die sewe engele voltooi is nie. Sien Exodus 40:34-35 en 1 Konings 8:10-11. Niemand kan God se plan omverwerp nie. Sy wil sal geskied.

**Hoofstuk 16**

Die laaste sewe plae word nou oor die aarde uitgegooi. Hulle vind vinnig na mekaar plaas en oorvleuel mekaar. Die stem uit die tempel is dié van God.

1. **Bose swere**: Sien hoofstuk 16:2, en dit is soortgelyk aan die plae in Egipte voor die uittog. Sien Exodus 9:8. Dit kom net oor diegene wie die merk van die dier het. Hierdie swere is seer, dit mag absesse wees, en dit mag moontlik die gevolg van die merk wees, dalk selfs ‘n beplande infeksie wat die swere veroorsaak. In Exodus is daar ‘n soortgelyke geval van swere aan mense. Sien Exodus 9:8-11. Ons ervaar dikwels dat moderne tegnologie newe-effekte het wat nie vooraf voorsien kon word nie. Heel moontlik is die swere ‘n reaksie op die merk. Dit is net diegene wie die merk geneem het, wat getref word.

2. **Die see word bloed**: Die tweede engel gooi sy skaal op die aarde uit. Dit is soortgelyk aan die tweede basuin (Openbaring 8:8), maar hierdie keer sterf alles in die see. Sien ook Eksodus 7:14. Dink net aan die ekologiese gevolge hiervan. Hierdie is nie ‘n plaaslike ramp nie maar tref die hele aarde. Die oordele wat die aarde deur die loop van Openbaring tref, word progressief erger. Let daarop dat dit bloed is “soos van ‘n dooie”. ‘n Dooie persoon se bloed is soos jel, die kleur verander in donker-rooi of swart-groen, en dit word onbruikbaar vir die liggaam.

3. **Riviere en vars waterbronne word soos bloed** en dit is dus ondrinkbaar. Daar is geen vars water meer nie. Ons sien egter hier dat dit nie soos die bloed van ‘n dooie word soos in die geval van die see nie. Die rede hiervoor is omdat die mense sal probeer om die water te drink. Baie gaan probeer, en waarskynlik sterf. Kyk na vers 5 en 6. Omdat ongelowiges die heiliges en profete doodgemaak het, moet hulle nou bloed drink. Hulle het dit verdien, en God se oordele is regverdig. Sien Númeri 32:23 en 35:33.

4. **Intense hitte**: Die vierde engel tree op. Die intensiteit van die son brand die mense. Nie alleen is hulle dors nie, hulle ly ook nou onder die versengende hitte. Sien vers 8. Die mense word “geskroei” – dit is derdegraadse brandwonde! Nog steeds luister hulle nie en bekeer nie. Daar was vroeër ‘n Afrikaanse TV program, Woestynblom, wat iets van hierdie toneel uitgedruk het – ‘n versengende hitte in ‘n periode van groot wêreldwye onderdrukking.

5. **Duisternis** kom oor die dele wie deur die Antichris beheer word wanneer die vyfde engel sy skaal uitgooi. Die mense is in pyn. Nie net is hulle in duisternis nie, maar hulle ly nog steeds aan die gevolge van die eerste engel se skaal, die bose swere. Sien ook Eksodus 10:22. Die Egiptenare het duisternis ervaar maar nie Israel nie. Die Antichris verteenwoordig die duisternis wat die duiwel oor mense bring en nou ervaar hy dit self. Die feit dat daar nog steeds bose swere is terwyl daar ook duisternis is, dui daarop dat al hierdie skale saamwerk en oorvleuel. Dink daaraan: jy het bose swere, jou vel is gebrand, jy is dors, en jy is in duisternis. Alles saam.

6. **Die Eufraatrivier droog op**. Sien vers 14 en 16. Dit berei die weg voor vir die finale slag wat ons weer oor lees in Openbaring 19:19. Die Eufraatrivier is in Irak. Dit stel die magte van die Antichris in staat om Israel vanuit die ooste aan te val. Sien Eségiël 38 en 39 waar Israel aan die begin van die verdrukking aangeval word. Nou word dit nog erger. Armagéddon (vers 16) is in die Jisreël vlakte in die noorde van Israel en die nasies versamel hier om oorlog teen God en sy volk te voer. Sien Sagaría 14, veral vers 2. Hierdie is ‘n baie belangrike profesie om te verstaan en Sagaría gee meer besonderhede as Johannes hieroor.

   Dit is interessant om daarop te let dat die Eufraatrivier al vir ‘n geruime tyd besig is om op te droog. Dit is die gevolg van damme wat hoër op in die rivier gebou is in Turkye en Sirië. Johannes brei uit oor hoe die nasies versamel word. Hy sien uit die bek van die dier en die mond van die valse profeet drie onreine geeste kom. Hulle oorreed die regerings van die hele wêreld om aan die komende oorlog deel te neem.

   Ons het skielik een teksvers wat persoonlik deur Jesus Christus gespreek is. Dit kom voor asof dit heeltemal buite konteks is maar dit het ‘n baie belangrike betekenis. Dit is om ons vandag te waarsku, terwyl ons lees wat nog moet gebeur, om gereed te wees vir die koms van Jesus Christus voor die aanvang van die verdrukking, die wegraping. Gaan kyk in ‘n Bybel wat Jesus se woorde in rooi vertoon, dat vanaf Openbaring 4 Hy nie weer praat nie, tot in Openbaring 16:15.

   Johannes gaan verder en beskryf hoedat die nasies by Armagéddon versamel. Die woord bestaan uit twee dele, Gr. harma (berg) en Megiddo, die stad. Deur die geskiedenis is die stad telkemale herbou. ‘n Belangrike handelsroete het hierdeur gegaan. Ons lees eers weer van die slag van Armagéddon in Openbaring 19. Johannes sien dit egter vooruit.

7. **Die grootste aardbewing in die geskiedenis** vind plaas. Die sewende engel gooi sy skaal uit en die volgende gebeur:

   a. Stemme is hoorbaar uit die hemel, soos donderslae.
   b. Die stede van die wêreld val. Die gevolg van die aardbewing word wêreldwyd gevoel.
   c. Die geografie van Israel word dramaties verander. Bestudeer hierdie twee profetiese gedeeltes:
      i. Eségiël 47:1-12
      ii. Sagaría 14:4-8
   d. Die groot stad, Jerusalem, word in drie dele verdeel.
   e. Eilande verdwyn, sekerlik as gevolg van die tsunami’s wat hulle tref, die gevolg van die aardbewing.

f. ‘n Groot hael (een talent is 30 kg) tref die mense en nog steeds laster hulle teen God. Hulle is so demonies geïnspireerd dat niks hulle by die Here gaan bring nie. Hoe tragies. Ons moet mense waarsku voordat dit te laat is. Hy maak hulle dood en dit is geregverdig volgens die Wet. Sien Levitikus 24:14. Lasteraars word gestenig. In hierdie geval doen die hael dit.

Die uitgooi van die sewende skaal dui die einde van God se wraak oor die mensdom aan: Dit is verby! Dit is ook die Wederkoms van Jesus Christus, iets wat hier maklik is om nie raak te sien nie. Dit is God self wat uit die hemel spreek. God se oordeel word voltooi met die slag van Armagéddon. Eintlik is hierdie slag ‘n antiklimaks. Jesus verskyn in Openbaring 19:11 en met dit wat Hy spreek word die nasies verslaan. Daar mag dalk ‘n slag wees maar dit eindig vinnig en katastrofies vir die Antichris en sy leërs.

**Slotsom**

Jou redding is deur geloof in die ware Jesus Christus alleen, nie ‘n vals messias en sy vals profeet nie. Die tyd loop vinniger uit as wat ons besef. Volgens God se horlosie is daar nog net ‘n paar sekondes oor.

**Volgende week**

Ons bespreek hoofstukke 17 en 18. Hierdie is ook parenteses – tussenvoegsels wat meer inligting verskaf voordat ons by die hoogtepunt van Openbaring kom, die Wederkoms van Jesus Christus. Hoofstuk 17 handel oor die val van Babilon as ‘n godsdiens stelsel. Die Satan het nog altyd ten doel gehad dat hy alleen aanbid word. Hy het dit self met Jesus probeer. Sien Matthéüs 4:9. Satan laat toe dat die Antichris nou die Vals Profeet in die steek laat (Openbaring 17:16). In hoofstuk 18 sien ons hoedat Babilon as die ekonomiese stelsel in duie stort. Die val van die Antichris se ryk is volgende. ‘n Engel kondig dit aan in Openbaring 18.

**WAAR IS DIE INLIGTING BESKIKBAAR?**

Gaan kyk gerus op die volgende webwerwe:

1. www.johnchapterthree.com/af - daar word elke week inligting gepubliseer, nie net oor die selgroepe nie, maar Bybelstudie in die algemeen.
2. www.netdiewoord.co.za – Twee selgroepe is tans aktief.
    a. Kliek op **Nuus** op die spyskaart aan die bokant van die bladsy (of hier: www.netdiewoord.co.za/nuus.html) om die nuutste inligting te sien.
    b. Kliek op **Moot** aan die onderkant van die bladsy (of hier: www.netdiewoord.co.za/moot.html) om al die lesings vir die Moot selgroep te sien.
    c. Heel onder op die webwerf is die skakels vir Facebook en Instagram. Kliek daar op hulle of op hierdie skakels:
        i. www.facebook.com/profile.php?id=61577782831916 (Facebook)
        ii. www.instagram.com/netdiewoord/ (Instagram)

Stuur asseblief hierdie inligting vir almal wie dit moet hoor. Ek het dit as PDF dokumente beskikbaar gestel sodat dit maklik is om af te laai en te druk.